W4215EC [4]

TELEFOON 01331-40580

# DIE RAPPORTRYERSKORPS

VAN STANDERTON

GEAFFILIEER BY DIE FEDERASIE VAN RAPPORTRYERSKORPSE

ADRES POSBUS 345, STANDERTON
2430

DATUM 2 Junie 1992

Voorsitter Kodesa
Posbus 307
ISANDO
1600

Meneer

**KODESA EN AFRIKAANS**

As kultuurorganisasie waar die handhawing van die Afrikaanse taal ons baie na aan die hart lê, stem dit ons, die Senior Rapportryerskorps van Standerton, onrustig oor die toekoms van ons taal, as in ag geneem word dat Afrikaans nie tot sy reg kom by Kodesa nie. As daar verkondig word dat **Afrikaans** 'n belangrike plek in die **Nuwe Suid Afrika** moet inneem, waarom word dit dan **nie** by die onderhandelingstafel gebesig nie. Dit is so 'n ernstige saak dat vertaalgeriewe geskep kan word sodat anderstaliges dit kan verstaan, as dit probleme sou skep.

**Hoe kan dit ons erns wees met ons taal, as daar om die tafel daaroor onderhandel word, maar in 'n ander taal?**

Ons is bewus daarvan dat u 'n belangrike en vermoeiende taak verrig, maar versoek u vriendelik om ook aan **hierdie belangrike saak** aandag te gee.

Geliewe ons in kennis te stel van u besluit.

Ons dank u

**VOORSITTER :** ____________
**P.J. STRYDOM**

**SEKRETARIS :** ____________
**J. VAN ZYL**

**DATUM :** ____________